# DIE HEIDENSE OORSPRONG VAN "EASTER"

"Easter" word as "Paasfees" gehou met hasies en eiers en "hot cross buns" en sulke tipe dinge, maar dit is letterlik afgodediens aan die Koningin van die Hemel.

Die Vyand gebruik dit om die mensdom weg te lei agter hom aan en om die fokus af te neem van die Skriftuurlike feeste in die Woord soos wat JaHUsha dit kom vervul het en wat ons moet gedenk.

"Easter" het sy oosprong in die heidendom waar die hemelgodin aanbid is. Ons kan dus nie "Easter" wil vier waardeur die hemelkoningin vereer word nie. Ons lees van haar in die Woord as "Astarte".

Sy was 'n vrugbaarheidsgodin wat alreeds vir duisende en duisende jare in verskillende kulture met verskillende name aanbid is.

Reeds in die Babiloniese tyd was Semiramis (die vrou van Nimrod) aanbid as 'n vrugbaarheidsgodin en die fees van Ishtar is aan haar opgedra. Sy was ook genoem "Astartes" of "Astoret".

Die gebruike deur die eeue en eeue heen met die hou van "Easter" as 'n vrugbaarheidsfees ter ere van die Hemelgodin naamlik "Astoret", "Astartes" of "Ishtar", was om die fees te vier deur simbole soos hase (wat vinnig kan aanteel), en ook deur eiers ... en hase kan mos ook nie eiers lê nie! Soos iemand tereg opgemerk het: "Is dit 'n haasfees of is dit Paasfees?".

Die Engelse term "Easter" is afgelei van die woord "Ishtar" (maar sy is ook genoem: Astarte, Eostre, Ostera en Eastre), wat as een van die godinne van liefde, die Babiloniese godin van vrugbaarheid is.

Paaseiers is selfs "gejag" in die naam van Astarte en vrouens wat sulke eiers gevind het, het geglo dat hulle "geseën" word met `n baba in die komende jaar.

"Easter" met sy paaseiers, paashase en "hot cross buns" het dus niks met die Paasfees of Pasga en met JaHUsha se opstanding te doen nie.

Wat die "hot cross buns" betref is daar in die Babiloniese godsdiens deur die vroue koeke gebak met die letter "T" daarop ter ere van Tammus *(in die Fenisiese alfabet is dit die "X")*. Die Anglo-Sakse het weer `n kruis op die koeke gemaak as simbolies van die vier fases of die vier kwarte, van die maan.

Mens lees ook in die Jeremia 7:18 van die hemelgodin en van koeke wat gebak is ter ere van haar. JaHUaH het hierdie afgodery verag en Hom dikwels daaroor uitgespreek.

> Jer. 7:18 Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin en vir ander gode drankoffers uit te giet om My te terg.

Ook lees ons in Rigters 2:11 - 13 hoe Israel JaHUaH verlaat het en Baäl en Astarte gedien het.

> Rigters 2:11 En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van JaHUaH: hulle het die Baäls gedien

> Rigters 2:12 en JaHUaH, die Elohiem van hulle vaders, verlaat wat hulle uit Egipteland uitgelei het, en hulle het agter ander gode aan geloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was, en hulle daarvoor neergebuig en JaHUaH geterg.
> Rigters 2:13 Maar toe hulle JaHUaH verlaat en die Baäl en die Astartes dien,
> Rigters 2:14 het die toorn van JaHUaH teen Israel ontvlam, en Hy het hulle oorgegee in die hand van rowers wat hulle beroof het; en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom, sodat hulle nie meer kon standhou voor hulle vyande nie.

Samuel het Israel ook aangespreek.

> 1 Sam. 7:3 Maar Samuel het met die hele huis van Israel gespreek en gesê: As julle met jul hele hart julle tot JaHUaH bekeer, **verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit**, en rig julle hart op JaHUaH en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne.
> 1 Sam. 7:4 Daarop het die kinders van Israel die Baäls en die **Astartes verwyder** en JaHUaH alleen gedien.

Koning Salomo het ook vroue getrou wat hom verlei het na die aanbidding van Astarte.

> 1 Kon. 11:4 En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met JaHUaH sy Elohiem was soos die hart van sy vader Dawid nie.
> 1 Kon. 11:5 En **Salomo het agter Astárte**, die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom, die verfoeisel van die Ammoniete, **aangeloop**.
> 1 Kon. 11:6 So het Salomo dan gedoen wat verkeerd was in die oë van JaHUaH en nie volgehou om JaHUaH te volg soos sy vader Dawid nie.

Hoe kan ons dan as kinders van Elohiem, as Geestelike Israel, ons vereenselwig met afgodsaanbidding vir vreemde gode en dan die Paasfees, of liewer, "Easter" vier met hase, eiers en "hot cross buns", terwyl JaHUaH dit verafsku?

Volgens die Skrif moet ons sulke feesviering onder ons uit verwyder.

Heidense gebruike word egter "verchristelik" en mense kan nie meer onderskeid tref nie. Afgodsgebruike word as "oulike goedjies" aangebied sodat dit kinders fasineer en so word dit 'n bose kringloop. Satan is nie "oulik" nie. Hy is JaHUaH se teenstander. Hy is òns teenstander, dis wat die naam "Satan" ook beteken.

Hierdie gebruike is 'n gruwel vir JaHUaH al sou mens probeer om dit met 'n Christelike baadjie aan te trek en af te maak as onskuldige pret.

Sien ook: THE ORIGIN OF EASTER.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Maart 2021